Tema: Here Jesus, u ewige majesteit oorweldig my!

Lofprysing ter voorbereiding van die erediens
Ps. 68-1: 9, 14, 15

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Lied 169: 1, 2, 3
Votum
Seën
Loflied Ps. 93-1: 1, 2, 3 (mel Ps 145-1)

**Woorddiens**
Skriflesing Psalm 93
Woordverkondiging

**Antwoorddiens**
Gebed
Slotsang: Ps 104-1: 1, 2, 3, 19, 20
Seën
Amenlied Sb13-2.

Geliefde br. en sr

Wanneer ʼn mens oor die Hemelvaart van ons Here Jesus - wat ons Donderdag herdenk het – ʼn bietjie dieper nadink, **dan rek dit ʼn mens se denke oor God en veral ons denke oor Jesus en Wie Hy werklik is.** Dit is asof die Here Jesus met sy Hemelvaart ons as't ware ʼn bietjie losmaak van ons aardse denkraamwerk en ons ʼn bietjie groter laat dink – in hemelse terme laat dink!

Ons raak so maklik ons denke oor Christus vasgevang in die tydperk toe Hy hier op aarde was. Die maagdelike geboorte, die kind in die krip, die Prediker, die Wonderwerker, die Verlosser aan die kruis! Ons vergeet van sy bestaan voor sy geboorte en na sy Hemelvaart

**Vanuit ons menswees dink ons gewoonlik oor God in terme van dit wat vir ons sin maak en wat ons kan verklaar.** So word God in ons denkwêreld klein gemaak en sy krag en vermoë ingeperk met die gevolg dat ons ook ons <u>vertroue op God verloor</u>. **Want hoe kan God dan iets wees en dinge doen wat groter as ons wêreld? Jesus word beperk tot die aardse en wat Hy hier gedoen het.** Hoe kan ons glo in ʼn Goddelike wese en kragdadige optrede wat ons nie kan verstaan of verduidelik nie?

**Brs en srs, kom ons probeer vanaand om aan die hand van Ps. 93 ons denke oor God ʼn bietjie te rek. Om bietjie verder en groter oor God te dink as wat ons gewoonlik doen!** Om net weer na die Skrif te luister in hoe God in sy heerlikheid en majesteit beskryf word en dan **<u>met geloof in verwondering oor God te staan</u>.** Maar ook o<u>m weer iets te sien van wie Jesus Christus waarlik is en daarom met eerbied en respek en verwondering voor Hom te lewe!</u>

**Mag ons vanaand hier uitstap en sê: Here Jesus, u ewige majesteit oorweldig my!**

**Dink ʼn bietjie oor God in die tyd voor die woorde van Genesis 1:1 "In die begin het God……**" Wat was voor daardie begin? Dink oor God in sy ewige bestaan, sy selfgenoegsaamheid, se ewige heerlikheid en majesteit! **Ps. 93 besing God as Koning in <u>ewigheidsterme</u>!** In vers 2 staan daar " Vas staan u troon van ouds af, U is van altyd af daar" en in vers 5 word God se heerskappy gestel as "tot in lengte van dae".

<u>Kinders</u> – "lengte van dae" beteken: **vir altyd! Vir ewig en ewig is God koning! Dit beteken dat God reeds voor die skepping van die wêreld regeer het!** Hy was toe reeds koning oor sy ryk! <u>God het nie Koning geword toe Hy die wêreld en die mens geskep nie.</u> Hy het nie die skepping nodig gehad om Koning te wees nie – Hy was reeds koning van ewigheid af! Saam met Christus en saam met die Heilige Gees.

**Hoe meer mens hieroor nadink, hoe kleiner word jy en oorweldig God se grootheid jou! Dink bietjie na oor die begrip "van ewigheid tot ewigheid**" - dit is asof jy nie jou denke daaroor onder woorde kan bring nie!

**Kom ons maak 'n vergelyking: br en sr, probeer vir 'n oomblik by jouself dink oor die laaste 10 jaar van jou lewe.** Kan jy alles wat in hierdie 10 jaar gebeur het nou mooi vasvat in jou gedagte? Alles wat gebeur het, mense wat jou pad gekruis het, hoogtepunte, laagtepunte? Dis moeilik, nê?
Maar ons grote God weet alles van ewigheid af tot in alle ewigheid – alles van jou, al jou gedagtes, al jou optredes, al jou woorde. **So doen God van van ewigheid tot in ewigheid!**

**Die <u>tweede saak</u> wat Ps. 93 baie duidelik teken is God se heerlikheid en grootheid!** Die woord wat in vers 1 met "majesteit" en in die 33 vertaling met "grootheid" vertaal word, **dui op iets wat uitswel en opwel en groter word as enige iets anders! Dit is soos 'n opwelling van 'n reuse brander of tsunami wat groter is as enige iets anders**! Dit is waarom die psalmdigter ook later in die psalm verwys van riviere wat bruis en golwe wat slaan – **<u>God is groter as dit alles! Hy het opgewel, opgestu tot die grootste!</u>**

**Dit is waarom die Here in Jesaja 40 vir die volk vra: "Met wie wil julle my dan vergelyk, wie is soos Ek, vra die Heilige".** Daar is niks of niemand in die ganse skepping wat met die grootheid en heerlikheid van God vergelyk kan word nie! **Brs en srs, dink maar aan die grootste natuurwonder wat daar is!** Die grootsheid van 'n Karoonag onder die sterre! Of bv. die Grand Canyon in Amerika of die Niagara waterval – niks daarvan is vergelykbaar met God nie! **Dink maar aan die grootsheid van die heelal.** Die sterre en planete – hoe ek en jy en die aarde en die son verdwerg wanneer dit vergelyk word met superster Alpha Centauri!
En dan sê Jesaja 40:26 "Kyk op na die hemel: wie het die sterre geskep? Hy wat die hemelse leër laat uittrek in hulle volle getal, dit is Hy wat hulle elkeen gemaak het. Met sy groot krag, sy groot mag, sorg Hy dat geeneen van hulle ontbreek nie." Die Here sit die magtige Alpha Centauri op sy plek!

**Psalm 93 beklemtoon derdens dat die Here <u>selfgenoegsaam i</u>s! Dit beteken dat God niks of niemand nodig het nie!** <u>Twee keer</u> word gesê dat die Here **<u>"Homself beklee</u>**"! Die Here se almag en vermoë is so groot dat Hy Homself daarmee kan beklee. **Hy trek hierdie heerlikheid en majesteit vir Homself aan soos ek en jy klere aantrek! God maak Homself groot** – Hy het niks of niemand nodig om dit vir Hom te gee of te doen nie! **En dan sit Hy sy krag en mag aan soos 'n mens 'n gordel aansit! God versterk Homself met onbeskryflike mag en krag!**

**<u>Heerlikheid en mag wat ons nie kan en mag aanskou nie</u>**! Daarom waarsku Jesaja in hf 2 [10]Vlug die rotse in, kruip weg in die grond vir die verskrikking wat van die Here

kom en vir die glans van sy majesteit" en ook in vers [19]"As die Here die aarde begin skud, vlug die mense in grotte in die rotse en in gate in die grond in vir die verskrikking wat van Hom kom en vir die glans van sy majesteit."

**Geen mens kan die heerlikheid en krag van God aanskou nie!** Julle onthou die gebeure in Exodus 33 toe Moses gevra het om die Here te sien en wat die Here Hom geantwoord het. En wat het gebeur toe Moses ietsie van die heerlikheid van die Here gesien het: Sy gesig het geblink! God se heerlikheid het Moses verander!

**En, br. en sr, wat nou van my en jou?** Ons wat ook iets van hierdie ongelooflike heerlikheid, krag en majesteit van God sou wou aanskou! **Ons het dit gesien! God het dit in Christus Jesus ons Here aan ons geopenbaar! God word mens maar in Jesus kan ons die heerlikheid, die krag en die majesteit van God sien! Wanneer Hy gebore word, dan sê die engele: 'n Koning is gebore! Sy woorde en dade van genade en liefde toon vir ons God se heerlikheid! God het dit ook aan jou en my geopenbaar en dit in ons harte uitgestort ! Ons het dit met ons geestesoë gesien!**

**God se krag word sigbaar in dit wat Jesus kom doen om in ons plek die straf van God ons sonde te kom dra**! Ons sien die <u>heerlikheid en die krag van God wanneer Jesus het die dood uit opstaan!</u>

**Iets van Jesus se hemelse heerlikheid het soms ook sigbaar geword terwyl Hy hier op aarde was.** Toe Petrus, Johannes en Jakobus saam met Hom gaan bid het op 'n berg lees ons ons Markus 9: "Toe het sy voorkoms voor hulle oë verander, [3]en sy klere het blink geword, spierwit soos niemand op aarde dit kan maak nie." Hierdie heerlikheid en majesteit van Jesus **verskrik die 3 dissipels want Hy <u>is ook ware en ewige God.</u> Jesus was van die begin af by God en was self God, wat mens geword het om God aan ons te openbaar.** So getuig Johannes later in Joh. 1: 14: "[14]Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

En dan die Hemelvaart! Ons sien Jesus se <u>Goddelike heerlikheid as Hy voor die oë van sy dissipels opvaar na die hemel.</u> Ons Here Jesus vaar op na die hemel om daar aan die regterhand van God op die troon te gaan sit en as Koning te gaan regeer! Hierdie Jesus – hierdie mens gebore uit mense vir mense – word teruggeneem om sy plek van heerlike majesteit weer te gaan inneem- saam met die Vader en met dieselfde aanbiddelike heerlikheid as die Vader!
Met die hemelvaart kry ons 'n kykie op die ewige majesteit van Koning Jesus en al sy grootheid en glorie – soos die Vader!

Wanneer Jesus na sy hemelvaart Homself in Open 1 in ʼn visioen aan hierdie einste Johannes openbaar, dan oorweldig Jesus se hemelse heerlikheid Johannes so dat hy soos ʼn dooie op die grond val!

So br. en sr, openbaar die Here Hom vanaand ook weer aan ons! Hier in psalm 93 as die ewige en magtige en heerlike majestueuse koning! God die Vader met Christus ons Here aan sy regterhand wat met mag en krag oor die ganse skepping regeer! God in sy grootheid – so groot soos ʼn tsunami golf wat alles oorweldig! Groter as enige iets wat ek of jy nog ooit kon of sal aanskou!

**Maar in Christus ook jou God, jou Koning en jou Redder! Die Een in wie se hand jou lewe is! Kom ons sê daarom saam met Moses** in Deut. 33:26 "Daar is niemand soos God nie, Hy ry deur die hemel om jou te kom help, in sy majesteit ry Hy op die wolke. "
**En saam met Psalm 68:35** "Erken dat God magtig is! Hy heers oor Israel, Hy het mag oor die wolke!"
**En saam met Dawid in Psalm 18 :** Ek het U baie lief, Here, my Sterkte. 3Die Here is my rots, my skuilplek en my redder, my God, my rots, by wie ek skuil, my skild en sterk verlosser, my veilige vesting.
7In my nood roep ek na die Here, ja, ek roep om hulp na my God. In sy paleis hoor Hy my geroep. Ek roep na Hom om hulp, en Hy luister na my. 8Die aarde het geskud en gebewe, die fondamente van die berge het getril en geskud, want Hy was vertoorn.
9Rook het uit sy neus getrek, vuur uit sy mond het alles verteer, gloeiende kole uit sy binneste. 10Hy het die hemel afgebuig en afgekom, onder sy voete was duisternis.
11Hy het op ʼn gerub geklim en gevlieg; op die vleuels van die wind
het Hy nadergesweef. 12Hy het Hom in donkerte gehul, donker waters en wolkemassas was sy bedekking. 13Uit die gloed voor Hom het wolke getrek, hael en weerligstrale. 14Die Here het dit uit die hemel laat dreun, die Allerhoogste het sy stem laat hoor in hael en weerligstrale.
32Waarlik, wie anders as die Here is God? Ja, wie anders as ons God is ʼn rots?
47Die Here leef! Ek loof Hom wat my rots is. Ek prys my God wat my gered het."

**Brs en srs, voel julle ook klein voor die grootheid en heerlikheid van God ons Vader en Jesus ons Here?** Is daar ook in jou hart 'n stille en diepe aanbidding van ons God in sy ewige majesteit! Mag hierdie nadenke oor God en oor Jesus, Hom weer groot laat word in jou oë en jou woorde laat opdroog – want God is eenvoudig onbeskryflik heerlik en magtig.

Kom ons bely: Here, u ewige majesteit oorweldig my! Kom ons erken dit en word weer klein voor God! Kom ons raak weer in vervoering oor ons Koning en sy grootheid en kom ons verbly ons in sy heerlikheid.

Amen.